

## WAAR PAS EK AS NUWE TESTAMENTIESE CHRISTEN IN GOD SE PLAN?



### Hoe lyk die Paradys?

Geskryf deur Louwrens Erasmus

Kopiereg Shama Bedienings © 2018

## INHOUDSOPGAWE

Waar pas ek as Nuwe Testamentiese Christen in God se plan? ..... 1



..... 1

Hoe lyk die Paradys?.....	1
Inhoudsopgawe.....	2
Waar pas ek in as Christen binne die Israelitiese stamme?.....	5
Ruben .....	6
Jakob se woorde en effek: .....	6
Moses se woorde en effek: .....	7
Simeon .....	7
Jakob se woorde en effek: .....	7
Moses se woorde en effek: .....	7
Levi.....	8
Jakob se woorde en effek: .....	8
Moses se woorde en effek: .....	8
Juda.....	8
Jakob se woorde en effek: .....	8
Moses se woorde en effek: .....	9
Sèbulon.....	9
Jakob se woorde en effek: .....	9
Moses se woorde en effek: .....	9
Issaskar.....	9
Jakob se woorde en effek: .....	9
Moses se woorde en effek: .....	9
dan .....	9
Jakob se woorde en effek: .....	9
Moses se woorde en effek: .....	10
Gad.....	10
Jakob se woorde en effek: .....	10
Moses se woorde en effek: .....	10
Aser .....	10
Jakob se woorde en effek: .....	10
Moses se woorde en effek: .....	10
Náftali.....	11
Jakob se woorde en effek: .....	11

Moses se woorde en effek: .....	11
Josef.....	11
Jakob se woorde en effek: .....	11
Moses se woorde en effek: .....	11
Benjamin .....	12
Jakob se woorde en effek: .....	12
Moses se woorde en effek: .....	12
Opsomming.....	12
Waar pas ek dan in die Paradys, en hoe lyk dit volgens die profete? .....	13
Assirië en die Kerk in Assirië.....	13
Egipte en die Kerk in Egipte.....	13
Edom en die Kerk in Edom.....	14
Ammon en die Kerk van Ammon.....	15
Moab en die Moabietiese kerk.....	16
Filistynse Kerk.....	16
So hoe lyk Sidon? .....	18
Hoe lyk Tirus? .....	18
Die Kerk in Jerusalem .....	19
Die gebied Babel .....	19
So om die beskrywing van die Paradys mee op te som, verteenwoordig die volke verskillende tipes Christene.....	20
So wie gaan ons daar kry voor die dag van oordeel gaan kom? .....	21
Donations / Donasies.....	23

---

---

---

## WAAR PAS EK IN AS CHRISTEN BINNE DIE ISRAELITIESE STAMME?

---

*“Dit is ‘n nag om plegtig onderhou te word tot eer van die HERE, omdat Hy hulle uit Egipteland uitgelei het. Dit is dié nag van die HERE om plegtig onderhou te word by al die kinders van Israel in hulle geslagte. Verder het die HERE aan Moses en Aäron gesê: Dit is die insetting van die pasga: **Géén uitlander mag daarvan eet nie. Maar elke slaaf wat ‘n man met geld gekoop het, dié moet hy besny; dan kan hy daarvan eet. Geen vreemde inwoner of huurling mag daarvan eet nie. In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buitentoe bring nie; en julle mag geen been daarvan breek nie. Die hele vergadering van Israel moet dit hou. En as ‘n vreemdeling by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, besny word; en dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos ‘n kind van die land wees. Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie. Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef. En al die kinders van Israel het dit gedoen. Soos die HERE Moses en Aäron beveel het, so het hulle gedoen. En op daardie selfde dag het die HERE die kinders van Israel, volgens hulle leërafdelings, uit Egipteland uitgelei.**” (Eks 12:42-51)*

So hier beveel die HERE dat indien ek en jy ons wil voeg by Sy volk en dus wil deel in die Paradys, moet ons deel van die verbond word, en sal ons Sy kinders wees. Soos Moses dit stel hier sal daar geen onderskeid tussen iemand wees nie. Die enigste verskil is of ons deel is van Sy verbondsvolk of nie. En dit is nie meer die ou verbond waar besnyding met die hande gedoen word nie, maar wel die nuwe verbond, waar ons harte besny word. Dit is hoe Paulus dit stel: *“Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het. En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. **So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot ‘n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot ‘n woning van God in die Gees.**” (Efs 2:11-22)*

Vir ‘n volledige bespreking oor die verbond en die impak daarvan lees die gedeelte oor die nuwe verbond [hier](#).

Die hele verhaal van Eksodus speel af met Israel as die HERE se volk, Moses as die HERE se verteenwoordiger, Farao wat die duiwel, satan, verteenwoordig en Aäron wat die HERE se profeet is. Ons lees dit in hoofstuk 7. *“En die HERE het aan Moses gesê: Kyk, Ek stel jou as ‘n god vir Farao, en jou broer Aäron sal jou profeet wees. Jy moet spreek alles wat Ek jou beveel, en jou broer Aäron moet met Farao spreek, sodat hy die kinders van Israel uit sy land laat uittrek. En Ék sal Farao se hart verhard en my tekens en wonders in Egipteland vermenigvuldig. Maar Farao sal na julle nie luister nie; en Ek sal my hand op Egipte lê en my leërskaare, my volk, die kinders van Israel, deur groot strafgerigte uit Egipteland uitlei. Dan sal die Egiptenaars weet dat Ek die HERE is, as Ek my hand oor Egipte uitstrek en die kinders van Israel tussen hulle uitlei. Moses en Aäron het toe gedoen soos die HERE hulle beveel het; so het hulle gedoen. En Moses was tagtig jaar en Aäron drie en tagtig jaar oud toe hulle met Farao gespreek het.” (Eks 7:1-7)* Hier het Israel alreeds uitgeroep na die HERE om hulle te verlos, en het Hy gedink aan Sy verbond wat Hy met Abraham aangegaan het. *“En die HERE sê: Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte. Daarom het Ek neergedaal om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos en hulle te laat optrek uit daardie land na ‘n goeie en wye land, na ‘n land wat oorloop van melk en heuning, na die woonplek van die Kanaäniete en Hetiete en Amoriëte en Feresiete en Hewiete en Jebusiete. En nou, kyk, die jammerklagte van die kinders van Israel het*

*tot by My gekom. Ook het Ek die verdrukking gesien waarmee die Egiptenaars hulle verdruk. Gaan dan nou heen, dat Ek jou na Faraó kan stuur; en lei my volk, die kinders van Israel, uit Egipte uit.* (Eks 3:7-10)

Een punt wat ek sommer hier vroeg wil maak is dat alhoewel verteenwoordigers van al die stamme uit Egipte getrek het, so hulle was deel van die HERE se volk, is gedoop in die see, het die werking van die Heilige Gees gesien by Meriba waar die oudstes geprofeteer het, het slegs 16.67% van die mense wat verantwoordelik was vir hulle eie besluite, so 20 jaar en ouer, ooit Kanaän ingegaan. So ek kan nie roem daarop dat ek alles gedoen het en dus vir ewig Sy kind is nie, want nie almal wat uit Egipte getrek het, het Kanaän ingegaan nie. En ons moet onthou dat die afval alreeds begin het voor die volk in Kanaän ingegaan het, wantt daar was van die mense wat hul erfdeel buite die beloofde land gesoek het. *“Want die stam van die kinders van die Rubeniete volgens hulle families en die stam van die kinders van die Gadiete volgens hulle families en die halwe stam van Manasse het al ontvang—hulle het hul erfdeel ontvang. Die twee stamme en die halwe stam het hulle erfdeel aan die oostekant van die Jordaan van Jérigo, teen sonop, ontvang.”* (Núm 34:14-15)

So het die twee stamme, en die halwe stam van Mannasse, nie in Kanaän ingegaan nie, so hulle het nie die Paradys ervaar nie. So hierdie hele verhaal wys vir ons hoe ons moet optree om Sy kinders te wees, want dit is wat Paulus vir ons leer in die eerste brief aan die gemeente in Korinte, hoofstuk 10. *“Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn. En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie. En wees ook nie afgodediens soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel. En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie, en daar het op een dag drie en twintig duisend geval. En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom. En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom. Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.”* (1Ko 10:1-11) So die hele verhaal van Eksodus is dus vir ons ‘n voorbeeld van hoe die HERE teenoor ons sal optree.

Nou hoe kan ek nou vra waar u in pas? Wel, elke persoon is verseker verskillend van enige ander persoon, maar daar is tog sekere ooreenkomste met ander persone. Soos ons uit die trek uit Egipte gesien het, kon vreemdelinge, dis nou ek en jy, hulle by Israel voeg en is ek dan as deel van Israel gesien. Net om alle onsekerheid te verwyder, kan u lees oor of daar ‘n verskil is tussen Israel en die kerk. Die skakel is [hier: http://shamaministries.org.za/wp/blog/2017/07/30/jode-nasie-kerkgroep-2/](http://shamaministries.org.za/wp/blog/2017/07/30/jode-nasie-kerkgroep-2/)

Indien ons na Israel kyk, sien ons dat hulle uit twaalf stamme bestaan het. So het beide Jakob, hulle vader, en Moses, die verskillende stamme met verskillende seënbedes geseën. Vandag vind ons ook dat ons verskillende Christene in verskillende groepe kan indeel, afhangende van hoe ‘n persoon optree en watter leerstellings hy ondersteun. Verder nog, kan ons ook mense indeel onder verskillende volke van die Ou Testament, weer op grond van hoe ‘n persoon glo.

Nou om uit te vind waar ons as Christene inpas, met ander woorde wie ek is, moet ons kyk na die verskillende stamme en hul karaktertrekke wat vir ons in die profesie genoem word. Kom ons kyk na die verskillende stamme, en die woorde wat Jakob en Moses oor hulle uitgespreek het.

---

## RUBEN

---

---

### JAKOB SE WOORDE EN EFFEK:

---

“Ruben, jy is my eersgeborene, my krag en die eersteling van my sterkte; die vernaamste in hoogheid en die vernaamste in mag! Opbruising soos van waters—jy sal die vernaamste nie wees nie, want jy het die

bed van jou vader beklim; toe het jy dit onheiligh. Hy het my bed beklim". Hier verklaar Jakob dat Ruben sy eersgeboorte reg verloor, omdat hy met een van sy vader se vroue in die bed geklim het, al het dit 40 jaar tevore gebeur. Alhoewel Ruben as eersgeborene twee en volgens sommige ontleders selfs drie erfdele moes ontvang, word dit hom ontnem. Verder sal hy nie die vernaamste stam in Israel wees nie, en sien ons dat Ruben self kies om nie 'n erfdeel in Kanaan te neem nie, maar kies hy sy erfdeel buite Kanaan. Afgesien van 'n paar keer wat melding gemaak word van Ruben net na Israel in Kanaan ingegaan het, word Ruben se geslag nooit weer in die geskiedenis van Israel genoem nie. So vind ons dat hy dus sy rug gedraai het op dit wat die HERE vir hom wou gee, en is hy ook die eerste voorbeeld van mense wat afvallig van die eerste Kerk geword het. Ons moet onthou dat hulle as gemeente of vergadering uit Egipte getrek het en nie as volk nie. Sien maar my artikel oor Israel en Kerk wat [hier](#) bespreek word.

---

#### MOSES SE WOORDE EN EFFEK:

---

*"Laat Ruben lewe en nie sterwe nie, en laat sy manne 'n aantal wees."* Moses vra dat Ruben nie sal uitsterf as stam nie, al was Datan en Abiram uit die stam van Ruben, en is hulle hele huishoudings uitgedelg na die opstand teen Moses en Aaron.

So hoe weet ons wie is volgens die stam van Ruben? Persone wat persoonlike genot bo hul erfdeel verkies. Paulus skryf as volg aan Timoteus: *"Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheiligh, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God;"* (2Tim 3:1-4). Indien ons enige van die tekens in ons verhouding met ons medemens uitstraal, is ons nasate van Ruben, sonder 'n toekoms in Kanaan.

---

#### SIMEON

---

---

#### JAKOB SE WOORDE EN EFFEK:

---

*"Hulle wapens is werktuie van geweld. Laat my siel nie kom in hulle raad nie, laat my eer nie eens wees met hulle vergadering nie. Want in hul toorn het hulle manne doodgeslaan, en in hulle moedswillighet het hulle beeste vermink. Vervloek is hulle toorn, want dit is heftig; en hulle grimmighet, want dit is hard. Ek sal hulle verdeel in Jakob en hulle verstrooi in Israel".* Dit is gespreek na aanleiding van die gedeelte waar Simeon en Levi die manne van Sigem gedood het omdat die manne van Sigem hulle suster Dina, onteer het. So Jakob verklaar dat hulle altyd gewelddadig sal wees, want dit is hulle manier van optrede. Jakob verklaar ook dat hulle paadjies sal skei, en met die terugkeer na Israel, moes Simeon se mense rondtrek om te oorleef, en is die Leviëte onder al die stamme verstrooi. Verder ontvang hy ook nie die eersgeboortereg van Ruben nie, omdat hy gewelddadig opgetree het teen mense wat hulle goed ontvang het, mense wat bereid was om 'n verbond aan te gaan met die HERE en met Jakob.

---

#### MOSES SE WOORDE EN EFFEK:

---

Daar is nie rekord van 'n profesie wat oor Simeon uitgespreek is in die gedeelte nie, maar volgens die Bybel ontleder Adam Clarke, is daar wel 'n verwysing in slegs een van die oudste afskrifte wat gebruik is om die Bybel te vertaal, en word die gedeelte wat by ons as aan Ruben toegeskryf word, aan Simeon meegedeel, naamlik *"en laat sy manne 'n aantal wees"*. Dit wys daarop dat sy nageslag nie 'n groot aantal sal wees nie, maar slegs 'n aantal, of min wees. Ons sien met die sensusse van Moses wat die effek was. Met die eerste sensus was daar 59,300 afstammelinge, en met die tweede sensus voordat hulle in Kanaan in is, slegs 22,200. 'n Afname van 37,100.

So hoe weet ons ons is afstammeling van Simeon? Wanneer ons onnodig hard teenoor mense optree. Deel van ons optrede is slinks, soos wat Simeon en Levi die mans van Sigem laat besny het en op die derde dag toe dit woes gegaan het met die manspersone van Sigem, hulle die mans dood gemaak het

met die swaard omdat hulle bewus was daarvan dat op die derde dag dit die seerste is na besnydenis. Die persone sal tipies nie omgee om hulle naaste familie bloot te stel aan vervolging nie, aangesien hulle reg in eie hande neem en hulle hulself laat geld teenoor iemand wat hulle te na kom.

---

## LEVI

---

---

### JAKOB SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“Hulle wapens is wapens van geweld. Laat my siel nie kom in hulle raad nie, laat my eer nie eens wees met hulle vergadering nie. Want in hul toorn het hulle manne doodgeslaan, en in hulle moedswilligheid het hulle beeste vermink. Vervloek is hulle toorn, want dit is heftig; en hulle grimmigheid, want dit is hard. Ek sal hulle verdeel in Jakob en hulle verstrooi in Israel.”* Aangesien Levi saam met Simeon vir Sigem en sy mense doodgemaak het, ontvang hy dieselfde woord as sy broer. Levi ontvang wel eer in die nuwe Israel, aangesien hulle as priesters sal optree, maar dit bevestig ook Jakob se woorde dat hulle verstrooi sal word. So het elke huishouding ‘n Leviet gekry om hulle te leer, en het die Leviete nooit grondgebied in Israel gekry nie.

---

### MOSES SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“U Tummim en u Urim is vir die man, u gunsgenoot, u wat deur U beproef is in Massa, met wie U getwis het by die waters van Mériba; wat van sy vader en sy moeder gesê het: Ek sien hom nie, en sy broers nie erken het en van sy seuns niks geweet het nie; want hulle het u woord bewaar en u verbond gehou. Hulle sal Jakob u verordeninge leer en Israel u wet; hulle sal reukwerk voor U neerlê en ‘n voloffer op u altaar. Seën, HERE, sy krag, en laat die werk van sy hande U welgevallig wees; verpletter die lendene van die wat teen hom opstaan en hom haat, sodat hulle nie kan opstaan nie.”* Moses verklaar hier dat die stam van Levi altyd die Urim en Tummim sal dra, wat wys daarop dat hulle in helderheid van verstand sal optree, en met integriteit. Soos Aaron getoets is by Meriba en hy die toets deurstaan het, so sal Levi se nageslag altyd as priesters optree, die volk die woord van die HERE leer, en as regters optree.

Soos hierbo gesien kan word is ons deel van Levi se stam indien ons altyd ons verhouding met die HERE eerste stel in ons lewe, en nie dink ons huisgesin is meer belangrik as die HERE nie. Verder sal ons ‘n liefde hê vir die woord van die HERE, en sal ons mense Sy verordeninge leer.

---

## JUDA

---

---

### JAKOB SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“Juda, jy is dit! Jou sal jou broers loof. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig. Juda is ‘n jong leeu; van die roof af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos ‘n leeu en soos ‘n leeuin; wie sal hom opjaag? Die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees. Hy maak sy jong esel vas aan die wingerdstok en die vul van sy eselin aan die edelste wynstok; Hy was sy kleed in wyn en sy gewaad in druiwebloed. Hy is donkerder van oë as wyn en witter van tande as melk.”* Hier sien ons dat Juda die eersgebore seën ontvang. Juda sal so geseënd wees dat tot sy broers hom sal loof. Hoekom? Want Jesus is uit die stam van Juda gebore. Verder sal Juda hom nie bekommer oor iets nie. Soos ‘n leeu wat gaan lê vir ‘n slapie na ‘n feesmaal, so sal Juda wees, sorgeloos want daar is niemand wat hom durf aanvat nie. Verder sal Juda die septer om te heers ontvang, en het Dawid en sy nasate as konings geregeer, en was Dawid en sy nasate in beheer van die weermag. Sy lande sal so vol wees van wingerde dat dit nie sal saak maak of jy ‘n esel in die wingerd stuur nie, want hy sal nie ‘n verskil aan die grote van die oes kan bring nie, want die opbrengs sal groot wees. Die wyn sal so volop wees dat mense hulle klere in wyn kan was in plaas van water. Verder sal hulle oë skerp wees soos vuur, en hulle tande wit van al die melk, of seëninge wat hulle sal ontvang.



---

## MOSES SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“En dit vir Juda, en hy het gesê: Hoor, HERE, die stem van Juda, en bring hom na sy volk toe; met sy hande het hy geveg vir hulle, en wees U vir hom ‘n hulp teenoor sy teëstanders.”* Moses vra hier dat die HERE altyd Juda se gebede sal aanhoor en hom terug bring na dit wat vir hom bestem is. Verder sal daar altyd genoeg hande wees om alleen oorlog te maak, en vra Moses dat die HERE altyd vir Juda sal help in tye van oorlog.

Hoe sal ek weet dat ek deel in die stam van Juda? Wanneer ek geseën word deur die HERE ver bokant dit wat ek verwag. Wanneer ek bid en my gebede word verhoor, of wanneer ek oorlog voer teen Satan en sy aanvallers, en ek in oorwinning terugkeer. Die persone is ook die wat Johannes van skryf in Openbaring oor wat die verskillende pryse is wat die oorwinnaars sal ontvang. So, indien jy kan verklaar dat jy ‘n oorwinnaar is volgens Openbaring, is jy deel van die stam.

---

## SÈBULON

---

---

### JAKOB SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“Sèbulon sal woon by die strand van die see; en hy sal by die strand van die skepe wees, met die sykant na Sidon toe.”* Sy stam is die wat later by by die see gewoon het, wat finansieël sterk was, goeie besigheids mense, en vaardige seemanne.

---

### MOSES SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“En van Sèbulon het hy gesê: Verheug jou, Sèbulon, oor jou togte”* Weer ‘n bevestiging van Jakob se woord, dat sy afstammeling die see sal deurkruis en vaardige handelaars en vaardige seemanne. So ek is deel van Sèbulon indien ek goed is met besigheid en die vaardigheid beskik om die onbekende te kan trotseer en onderwerp.

---

## ISSASKAR

---

---

### JAKOB SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“Issaskar is ‘n sterkgebeende esel wat tussen die veekrale lê. Toe hy sien dat die rus goed en die land lieflik is, het hy sy skouer gebuig om te dra, en hy moes dwangarbeid verrig.”* Hierdie stam was van die wat se hande vir niks verkeerd gestaan het nie. Hulle het hulle eie lande bewerk, en vreugde gehad in hul handewerk.

---

### MOSES SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“Verheug jou, Issaskar, oor jou tente.”* Moses kondig ook aan dat Issaskar se nakomeling hulle sal verheug by hulle huise na ‘n dag van harde arbeid. So sal hulle ‘n rustige lewe kan lei. Indien ek dus van fisiese werk hou, en ‘n rustige familie lewe lei, is ek deel van Issaskar se nageslag.

---

## DAN

---

---

### JAKOB SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“Dan sal aan sy volk reg verskaf net soos enigeen van die stamme van Israel. Laat Dan ‘n slang wees op die weg, ‘n horingslang op die pad, wat die perd aan die hakskene byt, sodat sy ruiters agteroorval. Op u verlossing wag ek, HERE!”* Dan was die eerste van die seuns wat nie van Lea of Ragel gebore is nie, maar van Ragel se diensmeisie. Tog word hy ook genoem as ‘n volle erfgenaam. **Dit stem saam met die Nuwe**

**Testamentiese siening dat daar geen verskil is tussen 'n slaaf en 'n vry man of tussen gebore Israeliet of een wat as vreemdeling was nie.** Hy sal ook sy eie regters kan aanstel, slu soos 'n adder wees, en sal soos wat Simson later gedoen het, die vyand aanvat en oorwin, al kos dit sy lewe.

---

#### MOSES SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“En van Dan het hy gesê: Dan is 'n jong leeu wat uit Basan uitspring.”* Dan sal soos 'n leeu vrymoedig kan rondloop, vol van sterkte en braafheid. Weereens sien ons waar Simson vandaan gekom het, want dit was al sy karaktertrekke.

Die gedeelte spel vir ons die karaktertrekke uit van die persoon wat soos Dan is: partymaal slu, braaf, sterk en vrymoedig.

---

#### GAD

---

---

#### JAKOB SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“'n Bende sal hom aanval, maar hy sal hulle aan die hakskeen gryp.”* Hier word vir ons geskets dat Gad se nageslag goeie krygsmanne sou wees, wat hulle toe wel geword het. Een punt wat ons moet onthou, is dat hulle later oorval is deur die vyand aangesien hulle nie in Kanaän hulle erfdeel wou hê nie, maar voor die Jordaan hulle gebied gekry het. So hulle was dus ook van die wat van die Kerk in Israel weggeval het.

---

#### MOSES SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“En van Gad het hy gesê: Geseënd is Hy wat vir Gad ruimte maak; hy gaan lê soos 'n leeu en verskeur die arm, ja, die hoofskedel. En hy het vir hom 'n eerstelingsaandeel uitgekies, want daar was die deel van 'n veldheer bewaar; en hy het gekom na die hoofde van die volk, hy het die geregtigheid van die HERE uitgevoer en sy verordeninge met Israel.”* Moses bevestig die feit dat hulle goeie krygsmanne sal wees, en dat hulle goed doen om hulle erfdeel te kies, en dan die ander stamme te help om hulle grondgebied te verkry. In al die verwysings na die intrek in Kanaän, word Gad ook genoem voor Ruben, wat verseker die ouer van die twee was. Dit gee vir ons die wete dat Gad se nakomelinge in hoë aansien was by die res van Israel.

Indien u dus 'n goeie krygsman is in u lewe, iemand wat homself goed kan verdedig te midde van aanvalle van alle kante, is u deel van Gad se stam.

---

#### ASER

---

---

#### JAKOB SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“Aser, sy spys is vet, en hy lewer koninklike lekkernye”.* Jakob wys vir Aser daarop dat hy baie geseënd sal wees, dat sy nageslag goeie inkomste sal kry uit hulle handewerk. Dit sal in so 'n mate geskied dat hulle die beste landbou produkte, wyn en olie sal produseer dat self die lekkernye wat aan konings bedien word, uit hulle gebied afkomstig sal wees.

---

#### MOSES SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“Geseënd is Aser bo die seuns; laat hy die liefeling van sy broers wees, en een wat sy voet in olie insteek Mag jou grendel yster en koper wees, en jou sterkte soos jou dae.”* Hier bevestig Moses weer Jakob se woorde dat Aser baie suksesvol sal wees in sy werk, en dat hy aanvaar sal word deur al sy broers. Verder sal daar soveel olie wees dat hy nie net sy hoof sal self nie, maar ook sy voete, soos wat Jesus se voete ook met olie gesalf is.

So om aan Aser se stam te behoort, beteken dit dat u goed beloon sal word vir u handewerk, dat u deur baie mense aanvaar sal word, en dat u 'n geseënde lewe sal hê.

---

## NÁFTALI

---

---

### JAKOB SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“Náftali is soos ‘n wildsbok so vry, hy wat mooi woorde laat hoor.”* Jakob verklaar dat Náftali se nageslag vry sal wees, en dat sy nasate rustige kalm woorde vir hulle broers sal hê.

---

### MOSES SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“Náftali, versadig van geluk en vol van die seën van die HERE—neem jy see en suidland in besit!”* Moses stel dit ook verder dat hy geluk sal proe, aangesien hy net goeie woorde vir mense sal gee, en omdat hy versadig sal word van geluk sal hy ook die seën van die HERE ontvang.

So sal mense wat aan die stam behoort gewoonlik goeie raadgevers wees, vry van gebondenheid, en geseëndes van die HERE wees.

---

## JOSEF

---

---

### JAKOB SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“Josef is ‘n jong vrugteboom, ‘n jong vrugteboom by ‘n fontein; sy takke klim oor die muur. Die boogskutters het hom wel geprikkel en hom beskiet en hom bestry, maar sy boog het sterk gebly, en die arms van sy hande was buigsaam, deur die hande van die Magtige van Jakob—daarvandaan waar die Herder, die Steen van Israel, is, van die God van jou vader, wat jou help, en met die hulp van die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê, met seëninge van borste en moederskoot. Die seëninge wat jou vader ontvang het, oortref die seëninge van die ewige berge, die kostelike gawes van die ewige heuwels. Dit sal wees op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die uitverkorene onder sy broers.”* Jakob se liefingseun, Josef ontvang ‘n uitspraak van seën van Jakob. Hy word eers daaraan herinner dat hy in Egipte en deur sy broers groot ontberings gehad het, maar deur al hierdie ontberings, het hy op die HERE vertrou. Daaroor ontvang hy die seën van bo, wat beteken sy lande sal die regte weer kry, reen en sonskyn op die regte tyd, en sal hy sy seëninge van die HERE ontvang op ‘n geestelike vlak. Ook sal sy kinders gesond en vrugbaar wees. Waar Jakob slegs die seën van Isak gekry het wat net een seën uitgespreek het, word hierdie seën ook op Josef gesit, alhoewel Jakob so geseënd was dat hy vir elke seun ‘n seën gehad het. Verder word hy ook verklaar as die uitverkorene van sy vader, sodat sy broers sal weet dat hy sy vader se uitsoek kind is.

---

### MOSES SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“En van Josef het hy gesê: Geseënd deur die HERE is sy land met die kostelikste gawe van die hemel, met dou en met die wêreldvloed wat onder lê, en met die kostelikste voortbrengsels van die son en met die kostelikste gewasse van die mane en met die vernaamste voortbrengsel van die berge van die voortyd en met die kostelikste gawe van die ewige heuwels en met die kostelikste gawe van die aarde en van sy volheid, en die welbehag van Hom wat in die doringbos gewoon het—laat dit kom op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die vors onder sy broers. Sy eersgebore stier—heerlikheid is syne, en sy horings is buffelhorings; daarmee sal hy die volke stoot, die eindes van die aarde almal saam. En dit is die tien duisende van Efraim, en dit is die duisende van Manasse!”* Moses bevestig hier Jakob se woorde dat Josef se nasate altyd in alles wat hulle doen geseënd sal wees. Hulle sal altyd dou op die regte tyd kry, son en maan op die regte tyd, en dit wat die aarde vir hulle voortbring sal altyd die volheid van die HERE weerspieël. Hy sal ook as die vors onder sy broers bekend staan. So sal sy seuns Efraim en Manasse, dit verder neem in hulle geslagte.

Indien u aan Josef se stam behoort, sal u die natuurlike leier in u huishouding wees, ongeag van u posisie in die familie. Almal sal jou bejeen, omdat wat jy ookal aanpak, dit suksesvol sal wees.

---

## BENJAMIN

---

---

### JAKOB SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“Benjamin is ‘n wolf wat verskeur; in die môre eet hy sy prooi, en in die aand deel hy buit uit.”* Benjamin is ‘n geweldagtige stam, wat ander nasies en stamme aanvat en plunder. Ons hoef net na die laaste drie hoofstukke van Rigter te gaan kyk hoe wreed hierdie stam se manne was, en dat amper 70,000 oor ‘n tydperk van drie dae gesneuwel het. ‘n Voorbeeld van hoe hulle optree is Paulus. Hy het in die oggend van sy loopbaan, al wat Christen is vervolg, maar teen die aand van sy bediening die evangelie met almal wat hy in kontak mee gekom het, gedeel.

---

### MOSES SE WOORDE EN EFFEK:

---

*“Van Benjamin het hy gesê: Die beminde van die HERE—hy sal veilig by Hom woon; Hy beskerm hom die hele dag en woon tussen sy berghange.”* Moses verklaar dat Benjamin die geliefde van sy vader was, en alhoewel Jakob nie hom spesiaal uitgesonder het nie, doen Moses dit wel. Sy nageslag sal veilig by die HERE wees, aangesien die tempel in Jerusalem gebou is, ‘n gedeelte wat aan Benjamin bemaak is, dit is wat met die berghange bedoel word.

So hoe weet ek ek is deel van Benjamin? Weereens sal ek deur die HERE geseën wees, en sal ek altyd na aan die HERE lewe. Daar mag dalk tye wees waar ek gaan weg beweeg soos in die laaste dae van die rigters waar die res van die volk teen Benjamin oorlog gevoer het, maar tog word hulle geseën.

---

## OPSOMMING

---

Dit dan die profetiese woorde wat oor al die stamme uitgespreek is. U sal self vind dat u heel moontlik uself sal kan skaar onder een van die stamme. Onthou net dat al die stamme kinders van die verbond was, en dus kinders van die HERE was.

So nou dat ons na al die verskillende stamme gekyk het, is daar ook ‘n paar feite van Israel wat ons moet onthou. Alhoewel daar soveel mense deel was van Israel volgens afstammeling van die verskillende seuns, het meeste van die stamme afgedwaal en was hulle teen die tyd dat Jesus gebore is en Sy bediening begin en geëindig het, daar amper net drie van die stamme nog werklik deel was van Israel, naamlik Juda, Benjamin en dan die Leviete wat die twee stamme bedien het. Maar wanneer ons na die profete kyk, sien ons hulle profeteer teenoor sewe of agt nasies. So wat ons vind is dat selfs al in die profete se tyd, die klem verskuif het na hoe ons as Christene in verskillende nasies ingedeel is, en die oordele wat elke volk of groep sal ondervind.

Dit word vir ons bespreek oor hoe die Paradys sal lyk wanneer ons sterwe, of wanneer Jesus terugkom met Sy wederkoms en die lewendes die wat in Hom glo saam met Hom te neem na die Paradys, die hemelse Jerusalem.

## WAAR PAS EK DAN IN DIE PARADYS, EN HOE LYK DIT VOLGENS DIE PROFETE?

---

So noudat ons weet dat ons wel in verbond met Jesus staan en Sy geregtigheid besit, kan ons kyk na watter gedeelte ons onself in sal bevind in die Paradys. Die profete het dit gesien as oordele oor verskillende gebiede afhangende hoeveel van die stappe van die verbond hulle nagekom het. Nou kan ons uit die profete bepaal watter gebied ek myself in gaan bevind, en sal ons beide die oordele van Openbaring en die oordele wat die profete oor geskryf het verstaan. Ek wil net eers graag die gedeeltes soos deur die profete genoem identifiseer en redes voor verskaf wat gemaak het dat ons in verskillende gedeeltes gaan bevind, en sekere oordele net sekere mense sal beïnvloed. So die Paradys is deur die profete ook opgedeel in verskillende gebiede of lande en nasies.

Hulle het altyd oordele oor verskillende volke uitgespreek, alhoewel die volke nie deel van Israel was nie. Dit wys op die sewe ander seuns wat Abraham gehad het, wat alhoewel hulle seuns van Abraham was, hulle tog nie as deel van Israel gesien is nie. Ons vind by Abraham dat die eerste seun, Ismael, die menslike poging was en dus nie die HERE se antwoord was nie maar dat hy nogtans 'n groot nasie geword het. So vind ons dit weer by Jakob en Esau, waar Esau sy eersgeboorte reg verkoop het en opgeëindig het as die vader van Edom as nasie. Dit wys ook na die gedeelte in Samuel wat ek vroeër aangehaal het waar Israel as volk hulle onder 'n koning wou vestig. So jou koning gaan bepaal watter gedeelte jy jouself in die Paradys in bevind omdat jy jou geskaar het onder menslike konings, en nie net die HERE as Koning gedien het nie.

Ek het so 'n vinnige opsomming gedoen van elke volk wat aandui waarom hulle bekend sal wees, waar hul landsgebied sal wees in die Paradys en waarvoor hulle bekend sal wees.

### ASSIRIË EN DIE KERK IN ASSIRIË.

---

Die groep is die Roomse Kerk en hulle volgelinge. Hulle is die mense wat die moeder en kind beeld aanbid, soos wat ons vroeër al van gelees het. Hulle het selfs die tien gebooie verander en die tweede gebod uitgehaal en die tiende gebod in twee gedeeltes sodat die mense nie agterkom dat hulle nie afbeeldings mag maak en aanbid nie. Hulle verskoning is dat Moses dan self moes afbeeldings maak vir die tabernakel, so hulle mag ook afbeeldings maak.

Hulle is bekend vir:

Vrugbaarheid	2Konings18:32, Jesaja 36:17
Grootsherd van hart	Jesaja 10:9-14
Baie groot handel dryf	Eseg.: 27:23-24
Afgodediens aanhang	2 Kon 19: 32-37
Magtig	Jes.28:2
Onderdruk almal	Nahum 3:19
Wreed en destruktief	Jes.10:7
Eiesinnig en vernietigend	Hos 8:9
Onbetroubaar	2 Kron 28:20-21
Trots en hooghartig	2 Kon 19:22-24
Werktuig van die HERE met die finale oordeel	Jes 7:18-19, Jes 10:5-6

### EGIPTE EN DIE KERK IN EGIPTE.

---

Die mense het deel geword van die verbond soos wat dit vir ons uitgelig is vroeër, maar hulle het nie uit Egipte getrek nie. So hulle glo nie dat die doop deel is van die pad wat ons moet stap nie, en sal dan die vereistes in hulle volgorde doen deur babas te doop, en dan eers wanneer die kinders groter word, word van hulle verwag om belydenis van hulle geloof af te lê voor hulle aan die nagmaal mag deel. So die mense is maar die volgelinge van Calvyn en al die ander baba dopers. *“En almal wat oorbly uit al die*

*nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier. En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie.” (Sag 14:16-18) Wat is die besonderheid van die huttefees? Dit moes die Israeliete herinner dat hulle slawe was in Egipte was, en dat die HERE hulle daaruit gelei het. Die gedeelte kom voor in Sagaria direk na sy beskrywing van die einde van die aarde soos dit vandag ken. Die mense kan ons ook direk koppel aan die gemeente in Efese wat in Openbaring 2 van gepraat word.*

Wat is hul karaktertrekke?

Vrugbaar	Gen 3:10, Gen 45 18
Rykdom besit	Heb 11:26
Baie literatuur oor hulle	1 Kon 4:30, Hand 7:22
Fyn linne	Spr 7:16, Eseg 27:7
Handeldryf	Gen 41:57
Afgode diens	Eks 12:12, Num 3:3-4, Jes 19:1, Eseg 29:7
Towerkuns	Eks 7:11-12 en 22, Eks 8:7
Baie strukture binne die groep	Gen 12:15, Jes 19:11
Trots en arrogant	Eseg 29:3, Eseg 30:6, Eseg 32:12
Magtig	Jes 30:2-3
Verraderlik	Jes36:6, Jes 29:6-7
Ambisieues en verowerend	Jer46:8
Bygelowig	Jes 19:3
Gasvry	Gen 47:5-6, 1 Kon 11:18
Ondertrou met vreemdes (maw nie gelowiges)	Gen 21:21, 1 Kon3:1, 1Kon 11:19, 1 Kron 2:34-35
Verafsku ware herders	Gen 46:34
Verafsku offers	Eks 8:26
Mag nie deur Israel (ware Kerk) verafsku word nie	Deut 23:7
Mag as ware gelowige toegelaat word na die 3e geslag	Deut 23:8

### EDOM EN DIE KERK IN EDOM.

Hierdie is die Joodse geloof van vandag en deur die eeue na Christus se dood en die Joodse geloof aanhangers. Hulle het die eersgeboorte reg wat hulle gehad het verkoop deur nie Jesus as Seun van God te erken nie. Hulle wag nog steeds vir hulle Messias, maar Hy was alreeds hier. So hulle het soos Esau opgetree en hulle eersgeboorte reg verkoop aan ons, as gelowiges, sodat ons as vreemdelinge deel van die verbond met Jesus kon word. *“En Jakob het ‘n kooksel klaargemaak en Esau het moeg uit die veld gekom. Toe sê Esau vir Jakob: Laat my tog sluk van die rooigoed daar, want ek is moeg. Daarom het hulle hom Edom genoem. En Jakob antwoord: Verkoop eers jou eersgeboortereg aan my. En Esau sê: Kyk, ek gaan sterwe, en wat baat die eersgeboortereg my dan? Toe antwoord Jakob: Sweer eers vir my. En hy het vir hom gesweer en sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop. En Jakob het aan Esau brood en die kooksel lensies gegee; en hy het geëet en gedrink en opgestaan en weggegaan. So het Esau dan sy eersgeboortereg verag.”(Gen 25:29-34).* Verder gee Jakob gee ook vir ons al ‘n voorskou van hoe die eersgeborene nie die grootheid van die tweede sal verkry nie. *“En Josef neem hulle twee Efraim met sy regterhand, links van Israel, en Manasse met sy linkerhand, regs van Israel en hy bring hulle by hom. Toe steek Israel sy regterhand uit en lê dit op die hoof van Efraim, hoewel hy die jongste was, en sy linkerhand op die hoof van Manasse: hy het sy hande oorkruis gehou, want Manasse was die eersgeborene. En hy het Josef geseën en gesê: Die God voor wie se aangesig my vaders Abraham en Isak gewandel het, die God wat my as Herder my lewe lank gelei het tot vandag toe, die Engel wat my uit elke teëspoed verlos het—mag Hy die seuns seën, en mag deur hulle my naam genoem word en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte. Toe Josef sien dat sy vader sy regterhand op die hoof van Efraim gelê het, was dit verkeerd in sy oë; en hy het die hand van sy vader gegryp om dit van die hoof van Efraim op die*

hoof van Manasse oor te bring. En Josef sê aan sy vader: Nie so nie, my vader; want hierdie een is die eersgeborene: lê u regterhand op sy hoof. Maar sy vader weier en sê: Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook 'n volk word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer groter wees as hy, en sy nageslag sal 'n menigte van nasies word." (Gen 48:13-19) Wat is die einde van Edom? "Wie is dit wat daar aankom uit Edom, met bloedrooi klere uit Bosra? Hy daar, pragtig in sy gewaad, wat agteroor buig in die volheid van sy krag? Dit is Ek wat in geregtigheid spreek, wat magtig is om te verlos. Waarom is u gewaad so rooi, en u klere soos dié van een wat die wynpers trap? **Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in my grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad beplek het. Want die dag van wraak was in my hart, en die jaar van my verlossing het gekom.** En Ek het uitgekyk, maar daar was geen helper nie; en Ek het My verbaas, maar daar was niemand wat ondersteun nie. Toe het my arm My gehelp en my grimmigheid het My ondersteun. En Ek het volke vertrap in my toorn en hulle dronk gemaak in my grimmigheid; en Ek het hulle lewensap op die aarde laat afloop. Ek sal die goedertierenhede van die HERE prys, die roemryke dade van die HERE, ooreenkomstig alles wat die HERE aan ons bewys het, en die veelvuldige goedheid jeens die huis van Israel wat Hy aan hulle bewys het, na sy barmhartighede en na die grootheid van sy goedertierenhede. Want Hy het gesê: Hulle is tog my volk, kinders wat nie sal lieg nie. So het Hy dan vir hulle 'n Heiland geword. In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hy hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd. Maar hulle was wederstrewig en het sy Heilige Gees bedroef; daarom het Hy vir hulle in 'n vyand verander: Hy self het teen hulle gestry." (Jes 63:1-10)

So wat is hul karaktertrekke?

Hulle is wys	Jer 49:7
Trots en selfversekerd	Jer 49:16, Obad 1:3
Sterk en wraaksugtig	Jer 49:19, Eseg 25:12
Bekend vir afgedery	2 Kron 25:14 en 20
Bygelowig	Jer 27:3 en 9
Goeie handelaars en besigheidsmense	Eseg 27:20

### AMMON EN DIE KERK VAN AMMON.

Hulle is afstammeling van Lot, sy jongste dogter was die stigter van die volk, maar hulle word vir ewig uit die vergadering van die HERE gesluit aangesien hulle nie voedsel aan die Israeliete verskaf het nie. Verder het hulle ook Bileam gekry om Israel te vervloek. So vandag is dit die mense wat hulle eie leiers aanstel in hulle kerke, altyd die ware Kerk vervloek, en nie dit wat die ware Kerk kan bevoordeel, met hulle deel nie. Hulle het Kamos aanbid. Ons vind dat Salomo tempels opgerig het vir Kamos en Molog. Kamos was die naam wat die Moabiete gebruik het, en Molog die naam wat die Ammoniete gebruik het. "Maar hulle het hul verfoeisels neergesit in die huis waar my Naam oor uitgeroep is, om dit te verontreinig; en hulle het die hoogtes van Baäl gebou wat in die dal van die seun van Hinnom is, om hulle seuns en hulle dogters vir Molog deur die vuur te laat gaan—iets wat Ek hulle nie beveel het nie en wat in my hart nie opgekom het nie, dat hulle hierdie gruwel sou bedrywe om Juda te laat sondig." (Jer 32:34-35) So dit wys op die mense het buiten die HERE ook ander gode aanbid, en dit is waar sommige van die oordele van Openbaring handel. Beide Ammon en Moab het kinders lewend geoffer aan Molog. Die verhaal van die Bybel is dat metale altyd deur vuur gegaan het om gesuiwer te word, en mense deur water moes gaan en soos vandag se gebruik gedoop moet word om hulle te reinig. Hierdie mense het dit dan verwerp en van hulle kinders geoffer in vuur. Hulle glo dat alle gelowe dieselfde is en dat almal gered sal word. "En Ek sal Rabba 'n weiveld maak vir kamele en die kinders van Ammon 'n lêplek vir kleinvee, en julle sal weet dat Ek die HERE is. Want so sê die Here HERE: Omdat jy in die hand geklap en met die voet gestamp het en bly was met volle veragting in die siel oor die land van Israel— daarom, kyk, Ek strek my hand teen jou uit en gee jou as buit vir die nasies, en Ek sal jou uitroei uit die volke en jou uit die lande verdelf; Ek sal jou vernietig, en jy sal weet dat Ek die HERE is." (Eseg:25:5-7) Hier leer ons dat die mense altyd gaan juig en dit geniet wanneer opregte Christene aangevat word.

Hulle karaktertrekke is as volg:

Trots, hoogmoedig en verwykend  
Wreed en begeerig  
Wraakgierig  
Hou van ornamente  
Afgode dienaars  
Bygelowig

Sef 2:10  
Amos 1:13  
Eseg 25:3 en 6  
2 Kron 20:25  
Rig 10:6, 1 Kon 11:7 en 33  
Jer 27:3 en 9

---

### MOAB EN DIE MOABIETIESE KERK.

---

Dit is die afstammeling van Lot se oudste dogter, en het Molog aanbid. Sien die gedeelte hierbo oor Ammon vir 'n bespreking van Molog, hulle god. Verder het hulle hoogtes gebou by elke ingang van elke dorp waar hulle hul afgodsdienis gehou het. Dit klink nogal bekend as ons na die wêreld van vandag kyk waar elke genootskap sy eie "kerk" moet bou. *"So spreek die Here HERE: Omdat Moab en Seir sê: Kyk, die huis van Juda is soos al die nasies— daarom, kyk, Ek maak die berghange van Moab oop, dat dit sonder stede is, sonder sy stede in sy hele gebied, die sieraad van die land: Bet-Jésimot, Baäl-Meon en tot Kirjatáim" toe;* (Eseg 25:8-9) Die mense glo dus ook dat alle mense gered sal word en maak dit nie saak watter god jy aanbid nie, want hulle sê: ***"die huis van Juda is soos al die nasies."*** ***"Julle moet dan nie luister na julle profete en na julle waarsêers en na julle dromers en na julle goëlaars en na julle townaars nie, wat met julle spreek en sê: Julle sal die koning van Babel nie dien nie."*** (Jer 27:9) So sal hulle dus altyd valse profete aanstel wat leuens verkondig, en die volk aansê dat dit altyd net goed sal gaan met die mense. 'n Verdere kenmerk is dat hulle ook verkondig dat alle paaie na Jesus lei, en dat alle gelowe dieselfde is. Vir hulle is daar glad nie 'n verskil tussen Christenskap en ander gelowe nie. Ons vind vandag alreeds hoeveel vooraanstaande teoloë hierdie standpunt huldig, en het hulle selfs al 'n naam vir hulle geloof gekry het, naamlik Chrislam. Dit is 'n kombinasie van glo in Christus, en Islam, of soos ons hulle ook ken, die Moslems.

Hulle eienskappe is as volg:

Trots en arrogant  
Afgode dienaars  
Bygelowig  
Ryk en vol selfvertroue  
Magtige krygsmanne

Jes 16:6  
1 Kon 11:7  
Jer 27: 3 en 9  
Jer 48:7 en 11  
Jer 48:14

---

### FILISTYNSE KERK.

---

Net soos daar 'n Egiptiese Kerk bestaan, bestaan daar ook 'n Filistynse Kerk. Die mense van die Kerk het wel die pad gevolg wat deur die HERE aangewys is om in Kanaän te kom, maar het nie die Filistyne in hul gebied oorwin nie, en so het die Filistyne hulle oorwin. Daar is ook twee dele van die Kerk. Die eerste deel is die van Sidon, en die tweede deel is die van Tirus. Die gedeeltes was die erfdeel van Aser en Sèbulon, twee van die twaalf stamme van Israel. Indien ons reg onthou van die kinders van Jakob, sal ons onthou dat Sèbullon se erfdeel teen die see is, 'n gedeelte wat later as Tirus bekend geword het, en Aser se erfdeel Sidon was. Hulle gebied is later deur die Filistyne oorgeneem aangesien die twee stamme se mense nie die Filistyne uitgeroei het soos deur die HERE verwag nie. Hoe is die mense dan wat aan die Kerke behoort, en wat is hulle oordele? Hiervoor moet ons kyk na die oordele wat oor die gedeeltes in die Bybel uitgespreek word. Dit sal dan vir ons riglyne gee oor wie aan die Kerk behoort, want hulle het die pad gevolg wat die HERE aangewys het, hulle het selfs hulle erfdeel ontvang, maar hulle het nie al hulle begeertes gekruisig nie.

Die groep mense se woorde is as volg in Esegîel vir ons opgeteken: *"Mensekind, omdat Tirus oor Jerusalem geroep het: Ha, ha! die poort van die volke is gebreek, dit is na my toe gedraai; êk sal vol word, dit is verwoes— daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Tirus! en Ek laat baie nasies teen jou optrek soos die see sy golwe laat optrek."* (Eze 26:2-3) Die groep mense is die wat vir almal dit wil wys maak dat hulle soveel mense na die HERE toe gelei het, en dat jy net by hulle moet aansluit en jy is so goed soos in die hemel. Ons lees in Openbaring 3 van die gemeente van Laodicense. Dit is die



gemeente wat die profete van geprofeteer het. Vandag vind ons die nuwe apostoliese reformasie wat weer vir hulle profete aanstel, maar wanneer ons na hulle profesieë kyk, is daar soveel wat verkeerd is. Jesaja het ook uitgebrei oor die groep: *“Want U het u volk verwerp, die huis van Jakob, omdat hulle vol is van wat die Ooste aanbied, en van goëlaars soos die Filistyne, en met die kinders van vreemdes dryf hulle handel. En hulle land is vol silwer en goud, en daar is geen end aan hulle skatte nie; en hulle land is vol perde, en daar is geen end aan hulle strydwaens nie. Ook is hulle land vol afgode; voor die werk van hul hande buig hulle hul neer, voor wat hulle vingers gemaak het. So moet dan die mens neergebuig en die man verneder word; en U moet hulle dit nie vergewe nie.”* (Isa 2:6-9)

Ons moet ook die verhaal van Dawid en Goliath onthou. Goliath was hierdie magtige reus terwyl Dawid hierdie jong rooikop seun was. *“Daarop neem hy sy staf in sy hand en soek vir hom uit die spruit vyf gladde klippe uit en steek dit in sy herderstas wat hy gehad het, naamlik in die slingersak; en met sy slinger in sy hand het hy nader gekom na die Filistyn. Ook die Filistyn het al nader en nader gekom na Dawid, en die skilddraer voor hom uit. Toe die Filistyn opkyk en Dawid sien, het hy hom verag, omdat hy ‘n seun was—rooierig, met ‘n mooi voorkoms. En die Filistyn vra vir Dawid: Is ek ‘n hond dat jy met stokke na my toe kom? En die Filistyn het Dawid vervloek by sy gode. Verder sê die Filistyn vir Dawid: Kom na my toe, dat ek jou vlees aan die voëls van die hemel en die diere van die veld kan gee. Maar Dawid sê vir die Filistyn: Jy kom na my met ‘n swaard en met ‘n spies en met ‘n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërskare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het. Vandag sal die HERE jou in my hand oorlewer, dat ek jou kan verslaan en jou hoof van jou wegneem, en die lyke van die leër van die Filistyne vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde kan gee, sodat die hele aarde kan weet dat Israel ‘n God het. Dan sal hierdie hele menigte moet erken dat die HERE nie deur swaard en deur spies verlos nie; want die stryd behoort aan die HERE, en Hy sal julle in ons hand gee.”* (1Sa 17:40-47)

So die gemeentes is groot massas mense, goed gewapen, maar hulle vertroue is nie op die HERE nie, maar op hulle besittings. Dit is die mense waarna Johannes verwys in Openbaring 3: *“Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou. Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.”* (Opn 3:17-20)

Wat is hul uitstaande kenmerke?

Trots	Sag 9:6
Glo in afgode diens	Rig 16:23, 1 Sam 5:2
Bygelowig	Jes 2:6 NB Baie belangrik
Lief vir oorlog maak teen ander gemeentes	1 Sa 17:1, 1 Sam 28:1, 1 Sam 17:15, 2 Sam 21: 16 en 18-20
Werk met almal saam teen die ware Kerk	Ps 83:7-8, Jes 9:10-12
Sommige is nie oorwin om die Kerk op die proef te stel	Rig 3:1-3

Hulle is ook bekend onder ander name as volk, en is deur 5 hoofgroepe en konings regeer. Hierdie name sluit in:

Kaftoriete, Awiete, Gasa	Deut 2:23
Kretiërs, Gebied suid van Kaleb	1Sam 30:14, Sef 2:5
Filistea	Ps87:4 Ps108:10

Hier sien ons die skakel na die huidige beweging van die Filistynse se siening van die wegraping en dat Israel weer as volk sal ontpop aangesien hulle die mense lei na Edom, wat die huidige Joodse geloof is, so die wat nie Christus as verlosser sien nie.

Hulle was ook bekend As Gasa, Asdod, Askelon, Gat, Ekron en die Awiete.

Twee verdere stede wat ook deel maak van die Filistynse kerk is die stede van Sidon en Tirus. Dit wys maar op die verskillende vertakings onder die beweging soos wat ons dit vandag sien as die Pinkster, vernuwings en nuwe aposoliese beweging wat uitgevloei het van die Toronto "blessing".

---

### SO HOE LYK SIDON?

---

Sorgvry en versekerend	Rig 18:7
Afgode aanbid	1 Kon 11:5
Bygelowig	Jer 27:3 9
Goddeloos	Mat 11:21-22
Handelaars	Jes 23:3
Goeie matrose	Eseg 27:8
Verskaf Israel met boumateriaal	1 Kron 22:4, Esra 3:7
Ontvang ondersteuning van Herodus(Egipte)	Hand 12:20, Eseg 27:17

---

### HOE LYK TIRUS?

---

Hulle afkoms: *"Vaar na Tarsis oor, huil, inwoners van die kusland! Is dít julle uitgelate stad wat in die dae van die voortyd sy oorsprong het, wie se voete hom ver weggedra het om in vreemde lande te vertoef? Wie het dit besluit oor Tirus, die uitdeler van krone, wie se koopmans vorste, wie se handelaars die edeles van die aarde was? Die HERE van die leërskaie het dit besluit, om te onheilig al die pralende trots, om die edeles van die aarde in veragting te bring."* (Jes 23:6-9)

Hulle eienskappe:

Genoem dogter van Sidon	Jes 23:12
Genoem dogter van Tarsis	Jes 23:10
Uitgelate stad	Jes 23:7
Stad met baie krone	Jes 23:8
Bekende stad	Eseg 26:17, Eseg 27:4, 25
Versterkte stad	Jos 19:29, 2 Sam 24:7, Eseg 26:17, Sag 9:3
Word regeer deur verskeie konings	1 Kon5:1, Jer 25:22
Bekend vir prag	Eseg 27:3-4
Handel	Jes23:2-3, Eseg 27:3, Eseg 27:12-25
Rykdom	Eseg 27:33, Eseg 28:4-5, Sag 9:3
Sterk en mooi skepe	Eseg 27:5-7
Kry soldate van Persië, so uitlanders, nie gelowiges	Eseg 27:10-11
Trots en hoogmoedig	Jes 23:9, Eseg 27:10-11
Afgode diens en goddeloos	Jer 27:2-9 en 9, Eseg 28:18
Span saam teen Israel (ware Kerk)	Ps 83:7, Eseg 26;2 Amos 1:9
Dryf handel op die Sabbat (rusdag)	Neh 13:16
Sal beter met hulle gaan as die gebore Jode wat nie Christus as Seun van God sien nie	Mat 11:21-22

Wat sal alles met hulle gebeur volgens die profete?

Hoogmoed kom tot 'n val	Eseg 28:2-6
Word verwoes deur Babel (nie Christene)	Jes 23:13-14, Jer 27:3-en 6 Eseg 26:7-13, Jes 23:6 en 12
Sal buit word vir ander	Eseg 26:3-5, Eseg 26:14, Eseg 27:32
Sy rykdom word aan Babel (nie Christene) gegee omdat Egipte hom verslaan het en hulle sal nooit herstel nie	Eseg 26:21
Almal sal verbaas staan	Eseg 26:15-18, Eseg 27:29-36 Sag 9:5

So dit is alles wat met die kerk van Filistea sal gebeur. Ons moet onthou dat alhoewel hierdie klink na verskriklike oordele, die mense tog in die Paradys is, en daar word die skape en die bokke eers geskei.

So die mense is nie die Moslems of ander gelowe se mense nie, maar mense wat ons vandag as Christene ken.

---

## DIE KERK IN JERUSALEM

---

Wie behoort nou aan dië kerk? Almal wat getrek het uit Egipte, aanvaar het wat die HERE vir hulle ingedagte gehad het, en Kanaän binne gegaan het. Ons sal wel mense kry wat verskillende konings, of soos ons vandag hulle ken as kerkgroepe, aanhang, maar hulle is immers in Kanaän.

Is daar dan oordele oor hulle ook? Verseker. Onthou dat die oordeel van die HERE begin by Sy volk, of soos ons vandag bekend staan as Sy Kerk. Nou mag u vir my vra dat as ons dan alles gedoen het wat ons moes, en ons is dan nou in die beloofde land, hoekom moet daar dan nog oordele oor ons uitgespreek word, of ander gestel, hoekom moet ons dan nog getugtig word? Hebreërs 12 gee vir ons die antwoord. *“Want julle moet ag gee op Hom wat so ‘n teësprak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie. En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie? Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie.”* (Heb 12:3-8) Baie interessante woorde wat ons hier vind. Baie male word ons as Christene aangevat omdat ons swaarkry, want die HERE sal nou mos nie Sy bloedjies laat swaarkry nie. Die gedeelte bevestig net mooi die teëndeel.

Meeste van ons glo ook verskillend van mekaar. Dit beteken maar net dat ons onder verskillende konings staan. So word elke groep dan gewys op wat verkeerd is met hulle, want ons sal nogsteeds volgens ons werke geoordeel word. Esegïël 18 bevestig juis dat indien ek doen wat reg is, ek nie probleme sal kry nie, maar dat indien ek afdwaal ek nie dieselfde bestemming sal kry nie. Ook word daar geleer dat die vader nie gestraf sal word vir die seun se oortredings nie, en die seun nie vir die vader s'n nie.

---

## DIE GEBIED BABEL

---

Reg deur die profete vind ons dat Babel die ryk van Satan verteenwoordig. So alle profesieë wat gerig word teen Babel, gee vir ons insig oor hoe die HERE met die ongelowiges gaan optree en sal optree. Dit is hoe hulle beskryf word: *“Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: En jy, mensekind, maak vir jou twee paaie waarlangs die swaard van die koning van Babel kan kom; uit een land moet altwee uitgaan; en sny ‘n wegwysers uit; sny dit uit by die begin van die pad na ‘n stad; jy moet ‘n pad maak, dat die swaard kan kom na Rabba, van die kinders van Ammon, en na Juda, in die versterkte stad Jerusalem. Want die koning van Babel gaan staan waar die paaie uitmekaarloop, by die begin van die twee paaie, om van waarsêery gebruik te maak: hy skud die pyle, raadpleeg die huisgode, bekijk die lewer. In sy regterhand is die lot: Jerusalem, om stormramme op te stel, om die mond met geskreeu oop te maak, om die stem te verhef met krygsgeroep, om stormramme op te stel teen die poorte, om ‘n wal op te werp, om forte te bou. Maar dit is vir hulle soos ‘n bedrieglike waarsêery in hul oë (die plegtigste eedsweringe tog is hulle s'n!); maar hy bring die ongeregtigheid in herinnering, dat hulle gegryp kan word. Daarom, so sê die Here HERE: Omdat julle jul ongeregtigheid in herinnering bring deurdad julle oortredinge openbaar word, sodat julle sondes in al jul handelinge gesien word—omdat julle in herinnering gebring is, sal julle met die hand gegryp word. En jy, onheilige, goddelose, vors van Israel, wie se dag gekom het in die tyd van die uiteindelijke afrekening— so sê die Here HERE: Die tulband moet weg, en die kroon moet af! Dit bly nie so nie: Na bo met wat nederig is! Na onder met wat hoog is! Puinhoop, puinhoop, puinhoop sal Ek dit maak. Ook dit sal nie bly nie—totdat Hy kom wat daarop reg het, en aan Hom sal Ek dit gee.”* (Eze 21:18-27)

Ek het vroeër ‘n gedeelte aangehaal wat Bileam vir Balek gesê het wat aan die einde van die dae sal gebeur, en wil graag die hele gedeelte hier aanhaal sodat ons ook daaruit kan sien watter Christene hulleself in watter gedeelte van die Paradys sal bevind: *“En nou, kyk, ek gaan na my volk toe. Kom, ek sal*

*jou inligting gee, wat hierdie volk jou volk sal aandoen aan die einde van die dae. Toe het hy sy spreuk aangehef en gesê: Bileam, die seun van Beor, spreek, en die man met geopende oog spreek. Die hoorder van die woorde van God spreek, en hy wat die wetenskap van die Allerhoogste ken, wat die gesigte van die Almagtige sien wat neerval en geopende oë het. Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: 'n ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsugtiges omver. Ook sal Edom 'n besitting wees; en Seïr, sy vyande, sal 'n besitting wees, maar Israel neem toe in krag. En laat daar een uit Jakob heers en die vrygeraaktes uit die stede vernietig. Toe hy Amalek sien, het hy sy spreuk aangehef en gesê: Amalek is die eersteling van die heidene, maar sy einde is ondergang. Toe hy die Keniete sien, het hy sy spreuk aangehef en gesê: Jou woonplek is vas, en jou nes is gebou op die rots. Ewenwel sal Kain tot verwoesting wees. Hoe lank nog? Assur sal jou as gevangene wegvoer. Verder het hy sy spreuk aangehef en gesê: Wee, wie sal lewe as God dit beskik? En skepe kom van die kant van die Kittiers af, en hulle verneder Assur en hulle verneder Heber; en hy is ook tot ondergang bestem. Toe het Bileam hom klaargemaak en weggetrek en na sy woonplek terugkeer. En Balak het ook sy koers gegaan.” (Num 24:14-25)*

Die belofte in Esegïel gee ook vir ons te kenne dat ons in verskillende volke sal wees, maar dat die HERE ons sal bymekaar bring, almal as Sy volk. *“En Ek sal julle uit die volke uitlei en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is, deur 'n sterke hand en deur 'n uitgestrekte arm en deur uitgestorte grimmigheid. En Ek sal julle bring in die woestyn van die volke, en Ek sal daar met julle in die gerig tree van aangesig tot aangesig. Soos Ek met julle vaders in die woestyn van Egipteland in die gerig getree het, so sal Ek met julle in die gerig tree, spreek die Here HERE. En Ek sal julle onder die herderstaf laat deurgaen en julle bring in die band van die verbond. En Ek sal uit julle afsonder die wat opstandig is en teen My oortree; Ek sal hulle uit die land van hul vreemdelingskap uitlei, maar hulle sal in die land van Israel nie kom nie; en julle sal weet dat Ek die HERE is. Maar julle, o huis van Israel, so sê die Here HERE: Gaan weg en dien elkeen sy drekgode; maar hierná—sekerlik sal julle na My luister en my heilige Naam nie meer ontheilig met julle offergawes en julle drekgode nie. Want op my heilige berg, op die verhewe berg van Israel, spreek die Here HERE, daar sal die hele huis van Israel, hulle almal, My dien in die land; daar sal Ek 'n behae in hulle hê en daar sal Ek julle offergawes eis en die eersteling van julle aanbiedinge by al julle heilige gawes. As 'n lieflike geur sal Ek 'n behae in julle hê wanneer Ek julle uit die volke uitlei en julle uit die lande versamel waarin julle verstrooi was, en Ek sal My in julle as die Heilige laat ken voor die oë van die nasies. En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek julle in die land van Israel bring, in die land waar Ek my hand oor opgehef het om dit aan julle vaders te gee. Daar sal julle dan dink aan julle weë en al julle handeling waarmee julle jul verontreinig het, en julle sal vir juiself walglik wees vanweë al jul slegte dinge wat julle gedoen het. En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek met julle handel ter wille van my Naam en nie volgens julle verkeerde weë of julle verdorwe handeling nie, o huis van Israel, spreek die Here HERE.” (Eze 20:34-44)*

So die profete het altyd verskillende volke gesien, terwyl Johannes dit sien as verskillende gemeentes, die Nuwe Testamentiese siening van ons as kinders van die Lewende God. Dit is waaroor hierdie hele hoofstuk van die boek gaan, is dat ons na die Ou Testament kan verwys en deur dit, Johannes se gesigte kan verklaar. Dit bevestig ook Jesus se woorde wat verklaar het dat Israel het die wet en die profete, en dit is genoeg om vir ons ook Jesus te ontbloot en te verstaan wat die HERE van ons verwag om Sy kinders te wees.

## SO OM DIE BESKRYWING VAN DIE PARADYS MEE OP TE SOM, VERTEENWOORDIG DIE VOLKE VERSKILLENDE TIPES CHRISTENE.

---

Ons moet een ding altyd voor oë hou, en dit is dat die Bybel is geskryf vir ons as Christene sodat ons kan weet hoe die HERE teenoor verskillende mense en hul manier van glo, gaan optree. Dit kan nie gebruik word soos baie mense dit graag wil gebruik as 'n boek om fortuinvertelling mee te beskryf nie. Daar is hoevele groepe wat dit so wil gebruik en net altyd op soek is na die antichris, en dan verklaar dat die Ou Verbond net vir Israel was en so ook die Nuwe Verbond want ons as buitelanders is nie deel van die HERE se volk nie. Of hulle verklaar dat sekere goed net met Israel moet gebeur voor die einde van die wêreld, of dat die Roomse Kerk die antichris is en ons nie verder hoef te soek nie. Maar wat al hierdie mense nie wil hoor nie, want hul hoofleiers het dit nie so gesien nie, is dat die antichris alreeds deur Johannes uitgewys is. **“(1Jo 2:18) Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die**

**Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. (1Jo 2:22) Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën. (1Jo 4:3) en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld. (2Jo 1:7) Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris.”**

So ons weet presies wie die antichris is, en daar is soveel mense wat die lering van die antichris aanhang en bevorder, en die grootste probleem is dat hulle alreeds in die Kerk sit. Dit is presies hoe Paulus dit beskryf het wat sal gebeur. *“Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie? En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdolg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.”* (2Ts 2:3-12)

Het u geweet dat net 16.67% van die Israeliete van 20 jaar en ouer in Kanaän ingegaan het? Dit verklaar vir ons die gedeelte wat Jesus gebruik het: *“So sal die wat laaste is, eerste wees, en die wat eerste is, laaste; want baie is geroep, maar min uitverkies.”* Mat 20:16 *“Want baie is geroep, maar min uitverkies. Mat 22:14”*

---

## SO WIE GAAN ONS DAAR KRY VOOR DIE DAG VAN OORDEEL GAAN KOM?

---

*Assirië en die Kerk in Assirië.*

Die groep is die Roomse Kerk en hulle volgelinge. Hulle is die mense wat die moeder en kind beeld aanbid, soos wat ons vroeër al van gelees het.

*Die Egiptiese Christene.*

Die is soos van die Israeliete wat nie saam met Moses uit Egipte getrek het deur die Rooisee nie. So hulle het nagmaal gevier maar op die ou einde besluit om maar te bly waar hulle is. So die mense is nie gedoop nie. Hulle mag dalk dadelik omspring en jou probeer oortuig dat hulle as babas gedoop is, maar hulle sien nooit die volgorder van Hebreërs 6 verse 1 en twee raak nie, so hulle is nog nie eers gereed vir melk kos nie. Die mense sit maar in jou Calvinistiese gemeentes en glo hulle is reg. Gelukkig sal hulle wel uitvind in die Paradys dat hulle kan leer wat die regte lering is, en dan tog in Jerusalem op eindig. *“En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.”* (Jes 2:2-3)

*Edom en die Kerk in Edom.*

Hierdie is die Joodse geloof van vandag en deur die eeue na Christus se dood en die Joodse geloof aanhangers. Hulle het die eersgeboorte reg wat hulle gehad het verkoop deur nie Jesus as Seun van God te erken nie. Hulle wag nog steeds vir hulle Messias, maar Hy was alreeds hier. So hulle het soos Esau opgetree en hulle eersgeboorte reg verkoop aan ons, as gelowiges, sodat ons as vreemdelinge deel van die verbond met Jesus kon word. Sien maar hulle oordeel hierbo soos opgeteken in Jesaja 63.

*Ammon en die Kerk van Ammon.*

Hulle is afstammeling van Lot, sy jongste dogter was die stigter van die volk, maar hulle word vir ewig uit die vergadering van die HERE gesluit aangesien hulle nie voedsel aan die Israëliete verskaf het nie.

Moab en die Moabitiese kerk.

Dit is die afstammeling van Lot se oudste dogter, en het Molog aanbid. Sien die gedeelte hierbo oor Ammon vir 'n bespreking van Molog, hulle god. Verder het hulle hoogtes gebou by elke ingang van elke dorp waar hulle hul afgodsdienste gehou het. Dit klink nogal bekend as ons na die wêreld van vandag kyk waar elke genootskap sy eie "kerk" moet bou

Filistynse Kerk.

Net soos daar 'n Egiptiese Kerk bestaan, bestaan daar ook 'n Filistynse Kerk. Die mense van die Kerk het wel die pad gevolg wat deur die HERE aangewys is om in Kanaän te kom, maar het nie die Filistyne in hul gebied oorwin nie, en so het die Filistyne hulle oorwin. Daar is ook twee dele van die Kerk. Die eerste deel is die van Sidon, en die tweede deel is die van Tirus.

Die Kerk in Jerusalem

Wie behoort nou aan dié kerk? Almal wat getrek het uit Egipte, aanvaar het wat die HERE vir hulle ingedagte gehad het, en Kanaän binne gegaan het. Ons sal wel mense kry wat verskillende konings, of soos ons vandag hulle ken as kerkgroepe, aanhang, maar hulle is immers in Kanaän.

So dit is dan die sewe gebiede wat ons in die Paradys gaan kry. Buiten die gebied is daar ook die gedeelte van Babel waar mense wag vir die laaste oordeel en die ewige dood en hel.

## DONATIONS / DONASIES

---

We are trying to raise funds to buy a vehicle in order for us to be able to get to the shops 60 km away on our own. We lost our car due to what I would call absolutely bad service from a person at a Volvo dealership who would not let us use our warrantee when I had to get someone to stop a water leak from the air conditioner into the driver side footwell. I was told when I took it in to get fixed that I should have used a MIF accredited dealer of which there apparently was two that I could have used. They were Tiger Wheel and Tyre and SupaQuick. Now I do not know how someone who fits tyres could work as a workshop to temporarily fix my car 120 km from the agent. So I ended up giving the car back to the bank when even after paying out of my own pocket to get the car working after it blew a gasket originally after the temporary fix, the same thing happened while driving it six months later and blowing the top gasket again. So I referred Nedbank to Volvo Eastern Cape and that was the end of the story. But it left me without a car, as I am totally disabled due to NET cancer.

I would also like to say that all my savings for my retirement went down the drain due to Black Economic Empowerment (BEE) which is a racially inclusive programme launched by the South African government to redress the inequalities of apartheid by giving black people (African, Coloureds and Indians) South African citizens economic privileges that were taken away from Whites. As I am white I could not continue with my business and when you are dismissed at 49 years old, your savings only last for a few years, especially when it was used it to start my own business and was stopped for a second time when I was told that I could not continue my business on my own and I had to use consultants that my clients wanted which would have bankrupted me within six months.

So now after 23 years after being diagnosed the first time with NET cancer and nearly six years after having had to stop working all together as my condition has deteriorated to a point where I cannot leave home without a wheelchair, we would like to get an older car, before electronics, that we can use to move around.

So our aim is to raise around R45,000 or \$ 3,000 to be able to achieve this. I was hoping by making my books available for free on my website that it would supply us with an income, but now ten years after starting it I have only received 1 donation of R50 (\$3) despite the fact that more than 1000 books are downloaded on a monthly basis. I also designed and made calendars available to our worldwide NET cancer community which has now been downloaded more that 1000 per annum without any donation.

You can either donate on our website which will accept funds in US \$ up to a maximum of around \$ 600, or at our donation page at Payfast which will allow you to donate in ZAR.

The links are: US Dollars: <http://shamaministries.org.za/wp/shop/>

South African Rands: <https://www.payfast.co.za/donate/go/shamaministries>